# HOOFSTUK 2

## Nuwe vriende en 'n skoenlappersoen

Vandag pak Karla nie net haar waterbottel in haar rugsak nie, maar ook 'n tang, messie, flitsliggie, Ziploc-sakkies, selfoon, rubberhandskoene en 'n skoenlappernet.

Sy trek haar oefenklere en tekkies aan vir haar daaglikse drafsessie van vyf kilometer en druk haar blou pet op haar kop vas. Sy werk daaraan om haar landlooptyd van verlede jaar te verbeter. Sy het vir haarself hierdie doelwit gestel en sy is vas van plan om dit te bereik. Wanneer sy klaar is by die Skoenlapperhuis, wil sy sommer op die skool se baan gaan oefen en dan terughardloop huis toe.

Sy stap deur die strate vol pers jakarandabome, helderpienk bougainvilleas en witgeverfde huise. 'n Swerm mossies vlieg van 'n draad af op. "Gaan vertel tog vir iemand ek het 'n vriendin nodig," sê sy terwyl hulle die lug in verdwyn. Sy voel 'n bietjie simpel dat sy nou al met voëls begin praat.

Dit is ’n stap van tien minute tot by die Skoenlapperhuis met sy geel mure en punttorings wat soos roomyshorinkies lyk. Sy moet by Kumiko, ’n meisie in haar klas, se huis verbystap. Kumiko sit buite onder ’n boom en waai vir haar.

“Hallo! Kom drink gou iets. Ek wil jou my vlindersketse wys,” nooi sy.

Karla hou van die manier waarop Kumiko Afrikaans praat. Dit klink of haar tong effens sleep. Sy het vinnig in die skool geleer om dit goed te praat.

Karla kyk op haar selfoon. Sy het nog ’n halfuur tyd. “Oukei, dit sal lekker wees.”

Kumiko maak vir hulle elkeen ’n sjokolademelkskommel en hulle gaan sit buite onder die boom. “Ek hoor jy is ook mal oor skoenlappers,” sê Kumiko. “My pa werk al die hele tien jaar wat ons hier bly op die Skoenlapperplaas.”

“O!”

“Hy help met die navorsing en dit het daartoe bygedra dat ek baie lief vir skoenlappers is. Ek teken hulle baie graag. Het jy al die lemoenreuk geruik as daar baie oranje-bruin Beauty-skoenlappers bymekaar is?”

“Nee, jong, maar dit klink of jy baie goed kan ruik.”

“Jip! Ek is goed daarmee.”

Kumiko se ma kom na hulle toe aangestap. Karla



staan op. Kumiko stel haar voor en die vroutjie met die blinkswart hare glimlag vriendelik. "My ma kan nie Afrikaans praat nie; en sy ken net so hier en daar 'n woord in Engels." Kumiko en haar ma praat met mekaar in Japannees voordat sy weer vir Karla glimlag en die huis binnegaan. "My ma sê sy is bly jy het kom kuier, jy moet weer kom en dan kan jy by ons kom eet. Kom ek gaan wys jou al my sketse van skoenlappers."

Sy vat Karla na 'n vertrek vol boeke. Kumiko trek 'n laai van 'n groot lessenaar oop en pak haar sketse uit.

"Wow! Jy is goed!" roep Karla uit. "Jou kleure is pragtig!"

Kumiko rol 'n stringetjie van haar hare om haar vinger en glimlag skaam. "My ouers het my baie van vlinders geleer. In Japan glo baie mense dat iemand wat dood is partykeer in die vorm van 'n skoenlapper na jou toe terugkom."

"Rêrig! Dis cool." Karla vat 'n sluk melkskommel.

"Jip!" sê Kumiko, "maar ek is so hartseer oor die Blou Morfe wat gesteel is. Ek wens ek kan help om die skelm te vang, maar ek weet nie hoe nie. Dis moeilik as mens alleen is."

